Landbou weekblad

kommentaar

# Nuwe denke 'verfrissend'

Die debat oor grondhervorming in Suid-Afrika het ’n nuwe vlak betree. Vir die eerste keer is daar planne om kommersiële boere by besluitneming oor grondkwessies te betrek. Dit is ’n welcome verandering in die Regering se denke oor grondhervorming.

Die jongste ontwikkeling spruit voort uit ’n werksessie tussen mnr. Gugile Nkwinti, Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, en die georganiseerde landbou. Nkwinti het ná die werksessie gesê dit was die eerste stap van sy department se interaksie met kommersiële landbouers.

Dit is belangrik dat dié kontak behoue moet bly. Só kan die minister belangrike betrokkenes vroegtydig by grondhervorming betrek en kan die vertroue tussen die Regering en die kommersiële landbou weer opgebou word.

Die minister het die Landboubesigheidskamer, Agri SA en die TLU SA genooi om mense vir ’n taakspan te benoem wat behulpsaam sal wees met die verdere ontwikkeling van wetgewing oor die voorgestelde instellings.

Dit is egter nou dringend noodsaaklik dat die Regering die groenskrif oor grondhervorming amptelik bekend stel sodat alle partye duidelikheid kan kry oor wat bedoel word en alle partye sinvol met beplanning kan begin.

Die gunstige reaksie van die georganiseerde landbou op die voorstelle moet alle twyfel wat nog by die Regering kon bestaan oor die egtheid van die georganiseerde landbou se bedoelings ten opsigte van grondhervorming, uit die weg ruim.

Die Regering se nuwe denkrigting plaas ’n groot verantwoordelikheid op die georganiseerde landbou se skouers. Vir die eerste keer het kommersiële boere en landboubesighede ’n kans om hul eie toekoms te bepaal deur betrokke te raak op besluitnemingsvlak oor grondhervorming.

Die georganiseerde landbou moet seker maak dat hy die regte span na die onderhandelingstafel stuur en daarteen waak dat hy nie sy kernwaardes prysgee nie. Aspekte sooslandbouproduktiwiteit en markverwante grondhervorming moet ononderhandelbaar wees.